

Liewe Spoorsnyer

As kaalvoet-dromer het ek destyds Blouberg se strand met voetspore versier. Die son se groet het my vergesel toe ek teen die randjie van vergeet wou afklim en jou kyk het stadig maar seker saam met elke golf se wit verdwyn. Nou staan jy wrintiewaar alweer voor my deur en my oë sukkel om waarheid te vermy.

Dit was winter in die Kaap en my vriendin se uitgerekte liefdesverhaal het my koffiebeker tot op sy bodem verveel. Ek moes eerder aandag geskenk het aan *happy ever after*, maar toe besluit die kompas in my hart mos om jou skadu te volg. Jy het op die hoek van Oom Piet se snuffelwinkel gestaan en stadig om jou rondgekyk, asof jy my toe al onbewustelik wou ontvoer en seermaak. Soos wat elke herinnering my nou vierkantig in die oë staar kan ek eintlik glad nie onthou wie die eerste vlerksleep-oogknip gegee het nie. Dit was tien teen een jy.

Ek onthou wel hoe ek maande daarna my ma se waarskuwende kyk saam met vyf dae se klere in 'n tas gegooi het. Hoe ek met klam palms op 'n trein geklim het, met donkerbruin vellies aan my voete. Ek onthou die reuk van die konstabel op die sitplek langs my se sigaar en sy vervelige lewensverhaal. Weereens moes ek eintlik aandag aan Jan Viljoen se mislukte huwelik gegee het. Dalk sou ek dan minder verwagtinge oor jou lyf kon skep. Dalk sou ek dan minder seerkry. Maar ek het nie, en ek het geval.

My Lief, as kaalvoet-dromer het ek destyds Blouberg se strand met voetspore versier terwyl ek oor 'n wit perd en ons eerste soen gedroom het. As kaalvoet-dromer het ek nie geweet die maan sou ons dophou toe ons agter jou pa se stoor verdwyn het nie. Ek was nog minder daarvan bewus dat ek op iemand soos jy kon verlief raak en dat ek vir maande daarna sou spyt wees oor my impulsiewe besluit. Ouma het altyd vertel van slymerige, groen paddas en hoe meeste van hulle tog na Hoërskool die vermoë het om in volwaardige prinse te verander. Skat, jy was seker van die begin af nooit 'n padda nie, want volgens my sprokiesverhale was 'n prins selde so besluitloos soos jy.

Twee rye voetspore het gekruis. Twee harte het kennis gemaak en gehou van wat hulle sien. Totdat jou voete te koud geraak het vir my warm lyf en jy besluit het om 'n pad met minder klippe en meer spore te volg. Ek neem jou nie kwalik nie, liewe Spoorsnyer, ek probeer slegs verstaan.

Jou laaste soen teen die agterdeur se kosyn het jou groet vergesel en daar was arrogant genoeg van my verwag om bloot van jou te vergeet. Wat soek jou verlangende kyk en jou skuldgevoel dan in lopende skrif op 'n bruin koevert teen my voordeur se krake. 'n Bruin spoor wat ek met elke greintjie krag binne my wil wegvee – so vinnig soos wat jy my stofspoor van jou voorstoep kon verwyder.

Ek verlang vandag na Blouberg se strand, die son se groet en kaalvoet loop. Ek haat jou nie, ek wens net ek kon vinniger van jou vergeet. Vinniger genees. Want jy en jou deurgetrapte vellies het my siel aan verlate voetspore verkoop.

543 woorde

Johané Snyders